**MEDIA VERKLARING UITGEREIK DEUR DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH**
**MAANDAG 18 NOVEMBER**
**KAAPSTAD, SUID-AFRIKA**

Die Universiteit Stellenbosch (US) stel vandag die Afrika Kanker-instituut (AKI) bekend. Die doel van hierdie instituut is om kapasiteit in Suid-Afrika en ander Afrikalande deur middel onderrig en opleiding te ontwikkel, en ook om nasionale en internasionale samewerking in kankernavorsing te bevorder.

Die AKI sal by die US se Fakulteit van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) gesetel wees. Die instituut poog om deur middel van hoëvlak kankernavorsing die voorkoming, diagnose en bestuur van kanker in Afrika te verbeter.

Daar is ‘n enorme behoefte vir intervensies wat sal help om kanker te voorkom en toegang tot behandeling en versorging van kankerpasiënte op die Afrika-vasteland te verbeter, het prof Jimmy Volmink, dekaan van die FGGW gesê. “Kanker word afgeskeep in Afrika. Ons loop blindelings in ‘n vloedgolf van kanker in en dit gaan rampspoedige gevolge hê,” het Volmink gesê.

“Die meeste soorte kanker kan behandel word en baie is geneesbaar. Maar steeds het baie mense in Afrika nie toegang tot basiese dienste vir diagnose en behandeling nie. Dit is onaanvaarbaar en ons benodig wêreldwye voorspraak om dit te help aanspreek,” het Volmink gesê.

Volgens hom is die US goed geplaas om hierdie uitdagings aan te spreek. Kankernavorsing is nie beperk tot die FGGW nie en verskeie afdelings en eenhede by sewe ander fakulteite by die universiteit doen ook kankernavorsing.

“Ons span ons kragte saam deur al ons aktiwiteite onder een sambreel te plaas,” het prof Eugene Cloete, viserektor (navorsing en innovasie) van die US gesê.

Volgens prof Vikash Sewram, die AKI se nuut-aangestelde direkteur, dra kanker grootliks by tot nie-aansteeklike siekte- en sterftesyfers in Afrika. “Kanker is die sesde grootste oorsaak van sterftes in Suid-Afrika en bied ‘n enorme probleem vir openbare gesondheid,” het hy gesê.

Volgens Sewram is die doel om die AKI tot ‘n internasionaal-erkende, omvattende kankernavorsingsentrum te ontwikkel, en multidissiplinêre navorsing te doen wat relevant is tot Afrika. “Die AKI bied ook ‘n platform vir akademiese groei en kennis-ontwikkeling in die soektog vir hoë-gehalte bewysgebaseerde kankersorg. Navorsing by die AKI strek oor die kanker-kontinuum en sal voorkoming, beelding, vroeë opsporing, diagnose, behandeling en selfs palliatiewe sorg insluit,” het hy gesê.

Volmink het die belangrikheid van samewerking beklemtoon en gesê die AKI sal ‘n voorstaander vir die bekamping van kanker op die Afrika-vasteland wees. “Ons kan dit selfs beter doen as ons saam met ander instansies in Suid-Afrika, Afrika en elders werk wat ons visie deel,” het hy gesê.

Sue Janse van Rensburg, Hoof-uitvoerende beampte van die Kankervereniging van Suid-Afrika (KANSA) het gesê: “Die vestiging van die Afrika Kanker-instituut sal nie net ‘n uitgebreide platform vir kanker en kankerverwante navorsing in Suid-Afrika en op die Afrika kontinent fasiliteer nie, maar ook geleenthede bied om die spesifieke beperkinge in hulpbron-ontwikkeling en gemeenskapsdiens aan te spreek.

“KANSA, as ‘n leidende nie-winsgewende organisasie in kankerbeheer en –navorsing, is baie dankbaar vir die geleentheid om deel te wees van hierdie baie opwindende inisiatief van die US. Dit sal beslis ‘n positiewe impak hê op die toenemende las van kanker in Afrika en meer spesifiek Suid-Afrika.”

Die AKI het reeds ‘n memorandum van verstandhouding met die Universiteit van Texas se MD Anderson Kankersentrum geteken. Hierdie verstandhouding vergemaklik die gesamentlike ontwikkeling van opleidingsprogramme, uitruilprogramme tussen die fakulteite, die ontwikkeling van spesifieke onkologie-kursusse en navorsingsprojekte wat die kennis van kanker sal uitbrei en kankerbehandeling verbeter.

“MD Anderson is trots op die vennootskap met die Afrika Kanker-instituut. Ons het ‘n gedeelde missie om kanker uit te wis, en sien uit daarna om saam te werk aan inisiatiewe wat kapasiteit sal bou vir gevorderde kankerbehandeling in Afrika,” het dr Oliver Bogler, senior adjunk-president: akademiese aangeleenthede by die MD Anderson Kankersentrum, gesê.

“Kanker verskil oor geografiese, etnies, ras en kultuur-spektrums regdeur die wêreld. Ons is opgewonde oor nuwe geleenthede om ons kennis van kanker te verdiep met die bekendstelling van die Afrika Kanker-instituut by die Universiteit Stellenbosch,” het dr Shubhra Ghosh, projek-direkteur van die Globale Akademiese Programme by die MD Anderson Kankersentrum gesê.

AKI-projekte sal ondermeer gerig wees daarop om:

- ‘n Groter begrip van die etiologie van kanker in Suid-Afrika en die Afrika-vasteland te verkry;
- Die risiko-profiel vir waarneming en kontrole te verbeter;
- Innoverende benaderings ten opsigte van geïntegreerde kanker-medikasie aan te neem;
- Lonende en geredelike beskikbare tegnologie vir diagnose en prognose te ontwikkel;
- Nuwe behandelings te ontdek en huidige behandelings vir kanker te verbeter;
- Die navorsingsvermoë en tegniese vaardighede van wetenskaplikes, klinici en ander gesondheidsorgpersoneel te verhoog;
- Kennisverspreiding en -bewusmaking van kanker-voorkoming en -bestuur te verseker; en
- Bewysgebaseerde beleidsformulering vir die voorkoming, bestuur en beheer van kanker te verseker.

Vir aflaaibare fotos en meer inligting besoek www.sun.ac.za/acilaunch.

Eindig

Media navrae: Mandi Barnard
US Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
021-938-9505
mandi@sun.ac.za